# OESTYD

## 1ste kwartaal 2018

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

# Corne du Plooy skryf uit Frankryk

*Nuusbrief Januarie 2018*

Die Nuwe Jaar is al goed onderweg. Soos elke jaar, is Januariemaand nogal bedrywig. Maar eers 'n terugblik op enkele gebeure die afgelope maande.

Begin November het ons ons **kerkraadsverkiesings** gehad (een keer elke drie jaar). Vier kerkraadslede het aan d einde van hulle termyn van sesjaar gekom. Slegs een v dié vier was beskikbaar vir 'n herverkiesing en een nuwe lidmaat is op d kerkraad verkies. Ons is nou 7 kerkraadslede. Begin Desember, tydens ons maandelikse kerkraadsvergadering, is ek tot voorsitter van die kerkraad verkies. Dit gee my sekere administratiewe take by.

Die **Alphakursusnaweek** (8-9 Desember) is deur ons 5 getroue kursusgangers bygewoon. Die tema was die Heilige Gees. Daar bly nog 3 byeenkomste oor en die kursusgangers (nie-christene) vra wat ons na die kursus gaan doen!

Saterdagaand 9 Desember het ons 'n **Jazz-konsert** ten gunste vd *Téléthon* gehad. Dit is 'n nasionale fondsinsameling vir raarsiektes. Die burgermeester het ook 'n draai kom maak net om te groet.

Ons **Kersdiens en -ete** was die 17de Desember. Na die erediens waar ek probeer het om verskillende ouderdomsgroepe te laat deelneem, het ons 'n lekker ete gehad. Na d ete is daar verskillende toneelstukkies, musiek- en sangaanbiedings deur verskillende gemeentelede, groot en klein, aangebied. Ons het besluit dat daar nie 'n 'amptelike' toneelstuk vir Kersfees voorberei sal word nie, maar dat gesinne en vriende hulle eie voorstelle kan aanbied. Dit het baie goed gewerk en die voorbereiding was makliker.

Saterdag 23 Desember het ons toe die geleentheid gehad om in die plaaslike ouetehuis en op die stadsplein **kerksliedere** te gaan **sing**. Daar was 'n Kersmark en 'n yskaatsbaan wat deur d stadsraad vir Kersfees ingerig was. Hulle het hulle musiek afgesit terwyl ons gesing het. 'n Omroeper vd stadsraad wat met 'n mikrofoon rondgeloop het, het tussen elke lied wat ons gesing het, aangekondig dat dit d plaaslike Protestantse Kerk is wat kersliedere sing en dit is oor luidsprekers in die hele stadsentrum uitgesaai. Ons het ook pannekoek en warmwyn verkoop vir 'n projek v 2 jongmense vd gemeente wat 'n kinderhuis in Thailand wil gaan besoek.

Eerskomende Saterdag 27 Januarie gaan ek ‘n byeenkoms vd burgermeerster bywoon waartydens hy sy **wense vir Nuwe Jaar** aan die gemeenskap rig. ‘n Ligte ete word ook tydens die geleentheid aangebied.
Elke jaar **18-25 Januarie is die Internasionale week van gebed vir die eenheid onder die Christene**. Hierdie jaar is die oordenkings en erediens (Teks: Eksodus 15:1-21) deur die Kerke in die Karaïbiese eilande voorberei. Verlede Sondagmiddag 21 Januarie het ons ‘n eerste byeenkoms saam met die Katolieke Kerk en Gereformeerde Kerk van ‘n naburige dorp gehad waartydens 3 persone v hierd deel vd wêreld ‘n bietjie hulle getuienis gelewer. Daarna het ons ‘n lofprysingskonsert gehad.

Eerskomende Sondagmiddag 28 Januarie het ons ‘n **gesamentlike diens met die plaaslike Katolieke Kerk** waartydens ons heelwat gemeentelede betrek en probeer om baie van simboliek gebruik te maak.

Net voor die Kersskoolvakansie 21 Desember het **Sophie** gestruikel en geval een oggend toe sy ons 2 oudstes na d busstop toe vergesel het en sy het toe haar **linker pinkievinger gebreek**. Ses weke in gips, staalpenne in die vinger en sy kan ook nie gedurende d tyd bestuur nie. Complicated. Die afgelope 12 maande het ons 4 keer noodgevalle besoek !

15-19 Januarie het **Claire**, as deel v ‘n skoolprojek, die geleentheid gehad om in te sit tydens die afsprake v ‘n **pediater**. Op d oomblik stel sy hierin belang. Sy’s ook baie bedrywig met gimnastiek. Met die ander kinders gaan dit goed. Lucie begin nou lekker lees en geniet ook haar vioollesse. Die twee seuns geniet op die oomblik hulle wiskunde! Thomas het met aikido hierd jaar begin. Sébastien wil op d oomblik geen buitemuurse aktiwiteite doen nie.

Op die oomblik weet ek nog nie wanneer ek weer RSA toe sal kan kom nie. Die kinders wil natuurlik ook graag kom, maar die begroting is ‘n bietjie kwaai. Ons sal wyd en suid na ondersteuning moet soek.
Baie dankie vir julle ondersteuning en voorbidding.

# MOSAMBIEKSENDING

## Andries & Sunette Schwartz

*Nuusbrief: Augustus – November 2017*

In die laaste twee disssipelskaplesse het ons oor praktiese beginsels vir 'heiligmaking' (geestelike groei) gesels . My gunsteling teksvers sê ons weerspieël die heerlikheid vd Here; en word daarom al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word . En so neem God se heerlikheid wat uit ons straal steeds toe. Ek besef opnuut dat geestelike groei nie oor my beter lewe gaan nie, maar oor God wat die sentrale plek meer en meer in my wese inneem. Ons leef om Hom te verheerlik!

**Volg-Jesus-reeks**
Die volg-Jesus-reeks trek nou by die 26ste gesprek en soms skarrel ons om alles betyds in die drie tale gereed te hê. Die Here seën steeds die luisteraars hierdeur.

Luis, een van die wagte van Radio Nuru, was die afgelope naweek op familie besoek in Makonde gebied , so 50-60 km hiervandaan. Hy vertel dat oral waar hy gekom het, mense oor ons programme praat. Volgens hom het baie **mense openlik getuig** hoe hulle lewens deur hierdie reeks verander is – sommige gesinne leef in vrede vir die eerste keer in jare, ander het van geweld afgesien, ander is vry van verslawing en so aan.

Elke nou en dan vertel die vrywilligers, wat saam met ons aan hierdie opnames werk, ook hoe daar mense van verskillede oorde hulle kontak om te vertel wat die programme vir hulle beteken. Baie van hierdie mense het nie 'n 'kerklike' agtergrond nie, en is dus nuwe gelowiges uit die 'heidendom'.

Dit is vir ons 'n groot vreugde om sulke nuus te hoor en loof die Here telkens vir sy werking . Dit maak die baie ure (en dae) se sit voor die rekenaar en skryf aan hierdie programme 'n lekkerte.

**Baba Awami** raporteer dat daar deesdae baie mense van Ibo na ons uitsendings luister, maar die groei onder die Mwani luisteraars wat reageer is steeds baie klein.

Ons soektog na die geskikte **Mwani omroeper** duur voort - bid vir Bau wat binne die volgende maand in die huwelik tree en baie gretig is om ons te kom help nadat dit afgehandel is.

**Koshuis-kinners**
Die hoërskoolmeisies wat ons (veral oor naweke) besoek en met wie ons allerlei programme opneem se betrokkenheid het ook gegroei. Behalwe vir al die raaisels , en stories, het ons die afgelope tyd ook heelwat verse uit Spreuke opgeneem om tussen die musiek op die radio 'in te gooi'.

Sunette gesels ook soms met hulle oor geestelike sake. Ons het die jaar afgesluit deur die Jesus-film vir hulle te wys. Bid asb vir hierdie meisies, aangesien daar by sommige van hulle 'n merkbare openheid vir die Goeie Nuus is. Slegs een van hulle is 'n evangeliese Christen.

Soos koshuiskinders maar is, is hulle ook gedurig honger, of net lus vir ietsie om aan te knibbel. Nou die dag vra twee van hulle vir my (Sunette) 'n rys, suiker en warm water om poeding te maak. Dit was maar 'n karige dis, en toe ek hulle vra of hulle dit by hulle huise ook eet, sê hulle 'natuurlik nie, ons is nie honger as ons daar is nie.

**.... en ander helpers**
Ons is dankbaar vir elkeen wat bereid is om 'n bydrae tot die radio programme te maak. 'n Variasie van stemme en style hou die stasie interressant. **Prisca,** wat voorheen vir ons musiek vanaf Tanzanie gebring het, het weer by haar ouers gedurende die Universiteitsvakansie gekuier. Sy het 'n paar oulike programme kom opneem - o.a. 'n goeie program oor HIV/ Vigs wat ons op 1 Desember sal uitsaai.

Op Saterdae is daar nou 'RSG-styl' 'n **resep** op die lug. Allerlei mense uit allerlei agtergronde in allerlei tale word genader om hulle resep te kom opneem. 'n Klompie van die resepte fokus op hoe om jou kos te bewaar vir latere gebruik.

**Sonskyn, Werk en Speel**
Ons dogter, **Carla**, het weer vir ons kom kuier en was dit nie heerlik nie. Boonop kon ons saam met haar 'n **sendelingekonferensie** by die Meponda kampterrein langs die Malawi meer bywoon. Ons kon nostalgies terugdink aan toe ons meer as twintig jaar gelede daar begin kamp het. Die kampterrein is nou baie geriefliker, en dit was 'n lafenis om saam met ou vriende te kuier, bid en deel.

**Alex van RAN**
In dieselfde maand het ons ook besoek van Alex Walker, van Radio Africa Network, ontvang. Hy het ons, omroepers en vrywilligers se vaardighede kom opskerp en weereens baie tegniese ondersteuning gebied. Alex het ook vir ons 50 klein **sonkrag radiotjies** in die hande gekry. Die radiotjies het oor vele landsgrense en deur verkillende lughawens in die bagasie van 'n verkeidenheid broers en susters gereis en in November veilig by ons aangeland. Ons wil die radios aan strategiese pesone uitdeel, waar ons hoop radioklubs sal ontstaan

**Nuwe ateljee**
Ons het uiteindelik afgeskop om een van die vertrekke in die '**studio-gebou**' in 'n ekstra ateljee vir opnames te omskep. Alex het ons ook hierin gehelp deur twee mikrofone wat nie vir ons gebruik geskik was nie, te verkoop en so die nodige toerusting vir die 2de ateljee te koop. Andries en die werf werkers het aan die werk gespring: nuwe deure deurgebreek, elektrisiteit geskuif, plafonne geslaan en geverf. Nie meer lank nie, dan kan ons hom in gebruik neem.

**Pequeue**
Julle onthou vir Usene, wat gedurende die middel van die jaar gesê het hy is bereid om Pequeue toe te gaan om daar 'n getuie vir Jesus te wees (vorige nuusbrief). Dit gaan maar moeilik met hom daar. Die persoon wie se huis hy gekoop het, het hom ingedoen en hy sit nou sonder huis. Toe die YWAM-span weer ons dorp besoek, het ons gedink dit is 'n goeie idee om saam met hulle 'n besoek in Pequeue af te lê en met van die eerste bouwerk aan 'n huis te help. Terwyl die meeste van die span weg was om pale vir die huis te gaan sny, was daar opstokery in die gemeenskap. Die gerug het versprei dat ons besig was om 'n kerk te bou, en ter wille van goeie verhoudings het ons die bouery toe maar eers laat vaar.

**Palma - Olumbe**
As ons as buitelanders na 'n nuwe distrik sou wou verhuis, moet ons eers toestemming kry vanaf die 'Adrninistrador of regeringshoof van daardie distrik. Omdat Olumbe in die Palma distrik val, het ons in September pad gevat soontoe om die regering daar te woord te staan. Ons was stomgeslaan toe ons sommer dieselfde dag nog die nodige dokument in die hand kon hê om ons skuif wettig te maak. Ons is die Here baie dankbaar.

**Onrus**
Gedurende die vroeë oggendure van 5 Oktober het gewapende mans ('soldate') **verskeie aanvalle** op dorpe Noord van ons geloods. Vir twee dae was daar 'n oor-en-weer skietery. Die bank en polisie stasie in Mocimboa da Praia was die hoofteikens. Alhoewel die situasie onder beheer gebring is, is daar steeds mense (insluitende 3 polisiemanne en 2distrikshoofde) in die daaropvolgende weke doodgemaak.

Dit lyk of daar twee uiteenlopende groepe **hande geneem** het om hierdie aanvalle te orkestreer. Ten eerste: Die jongmense het hulle militere opleiding by sekere fundamentalistiese moskees wat aan A[ shabaab gekoppel is ontvang. Tweedens, is daar sterk sprake dat die vorige president en 'n groep wat aan hom lojaal is, die area wil destabiliseer. Dit is die gebied waar groot gasontwikkelings beplan word. Sekere amptenare in hoë poste (hoof van polisie) is afgedank, terwyl die uitvoerende distrikhoof vd polisie wapens aan die ' soldate' gelewer het.

Die gebied waarheen ons beplan om te skuif, **Olumbe**, was die afgelope weke die skuilplek van die ' rebelle' wat gevlug het. Drie weke gelede is daar groepe soldate, wat vanuit Tanzanië gekom het, gevang. Op die oomblik is die situasie kalm, en hoop ons dat hiedie aanvallers 'n nekslag toegedien is..

**Toekomsplanne - naby en verder**
Daar word steeds gesoek na die **regte persoon** om ons plek hier by die radio in volgende jaar oor te neem, asook 'n Mwani omroeper. Een bestuurderskandidaat is van die hand gewys, terwyl 'n volgende een nou ge-evalueer moet word. Bid vir die Here se leiding.

Die afgelope naweek het ons **opleiding aan 12 'korrespondente'** aangebied. Hulle is vrywilligers wat ons wil gebruik om plaaslike nuus vanaf hul dorpies en omgewing aan Radio Nuru deur te gee. Abilio het die meeste vd opleiding aangebied en het hom besonder goed van sy taak gekwyt..

**Williams Phiri** wag nou al maande vir sy visum. Ons sou graag as span al wou begin met praktiese voorbereiding vir ons skuif Olumbe toe.

Ons **<u>besoek Suid-Afrika</u>** DV vanaf middel Januarie . Andries se kniee vra eers mediese aandag, en daama wil ons by vriende en familie kuier, sowel as soveel ondersteuners as moontlik besoek.

**Werfnuus**
Elke nou en dan is daar 'n **tegniese- of elektroniese krisis** net voor ons op die lug moet gaan. Sondag het weerlig die "DB" getref en moes Andries verskeie skakelaars vervang voor ons op lug kon kom. Die afgelope maand was daar gereelde tegniese 'uitdagings'. Met baie groot genade was ons in al die jare, nog nooit langer as ' n paar minute van die lug af nie. Ons loof ons Vader wat ons beskerm.

Onthou om saam met ons te bid. Daar is steeds heelwat veranderinge en besluite wat in die volgende maande geneem moet word. Ons gaan DV van 25 Januarie vir kuiers in Suid Afrika beskibaar wees.

Baie dankie vir julie ondersteuning. Ons waardeer elke gedagte, gebed, briefie en bydrae baie.

<u>*Nuusbrief: Augustus – November 2017*</u>

Ons is reeds twee weke in Suid-Afrika. Die rit het ons drie dae geneem (15 ure per dag), en ons is dankbaar dat ons deur al die kilometers heen sonder probleme kon reis. Die Here was werklik goed vir ons.

**Nuwe Mense**
Ons het in November geskryf oor die soeke na nuwe personeel om die bestuur van die radio stasie oor te neem. Dis ook al seker 'n jaar lank wat julle saam met ons bid vir 'n Mwani omroeper. Ons stel dus graag drie nuwe personeellede van Radio Nuru (almal nog in 'n proeftydperk) aan julle bekend:

**Fernando Nuro**
Fernando Nuro het maar 'n jaar gelede 'n volgeling van Jesus vanuit Islam geword. Hy het as Mwani in die leerstellings v Moammed grootgeword. Die Here het egter 'n soeke in sy hart geplaas na die ware Weg. Terwyl hy terug is na Ibo eiland, sy plek van oorsprong, om oor al die vrae in sy hart te gaan nadink, het 'n vriend van hom, een van die handjievol gelowiges op die eiland, die evangelie met hom gedeel. Hy het toe 'n volgeling van die enigste Verlosser geword, en behartig tans die bestuur van die radio stasie.

Hy is nog jonk in die geloof en behalwe vir al die geestelike dinge wat hy leer, was daar ook menige take by die radio wat hy onder die knie moes kry. Gedurende die maand wat hy saam met ons gewerk en geleer het, was daar sigbare groei in sy kapasiteit. Hy het egter julle voorbidding baie nodig. Plaas hom asb op julle gebedslys.

**Sergio David**
Sergio David is 'n jong man vanaf die sentrale deel van Mosambiek. Na 'n ontstuimige jeug, het hy by sy oom, wat betrokke is by die evangelisering van die Koti volk in Angoche, gaan woon. Daar het hy die Here leer ken en deel geword van die werk. Later het hy verskillende sending en dissipelskapkursusse voltooi, en aan verskeie uitreike deelgeneem, o.a. dissipelskapgroepe onder die jeug.

Sy taak by Radio Nuru is om die radio-voete op die grond te word – om luisteraars te besoek, te kyk waar daar 'n openheid t.o.v. die evangelie is, en radio klubs te stig. Terselfdertyd neem hy verantwoordelikheid vir die geestelike programme op die radio asook die geestelike gesondheid van die personeel van Radio Nuru. Bid vir hom die Wysheid van die Here toe.

**Bau Magemba**
Bau Magemba is van Quissanga, en was die afgelope vier jaar onder die vleuels van die Koti-sendelinge wat vanaf Angoche na ander mos[em volksgroepe in Mosambiek uitreik. As moedertaal Mwani-spreker leer hy fluks om al die omroeperstake by die radio te behartig. Ons het hom al gestuur om plaaslike gebeure vir die radio te dek, en hopelik kan hy binnekort alleen die Mwani inbel-aand en ander uitsendings hanteer. Bid dat hy altyd sy werk onder die leiding van de Heilige Gees sal aanpak.

Die afgelope maand het ons dus baie tyd spandeer aan die touwys maak van die nuwe manne, en om verantwoordelikhede stukkie vir stukkie aan hulle oor te gee.

**Onrus en ons planne vir 2018**
Ons het ook reeds berig oor die onrus in Noordelikste deel van die land. Ongelukkig het dit nog nie bedaar nie. Elke nou en dan word daar steeds aanvalle geloots, mense doodgemaak en tydends 'n klopjag is groot wapentuig by die 'rebelle' gevind. Ons vind dit ook vreemd dat 'n mens feitlik geen nuus oor al hierdie gebeure op nasionale netwerke hoor nie.

Lalane, die kleiner dorpie binne die Olumbe area wat ons vroeër besoek het, is nou sonder inwoners. Almal het gevlug en skuiling in die groter dorpe gaan soek.

Kort voor ons vertrek is 5 mense in Olumbe doodgemaak en ons verstaan dat die inwoners daar ook nou na die groter plekke soos Palma en Mocimboa da Praia skuif. Dit bly steeds vir ons belangrik om te wees waar die Here ons wil he. Miskien is dit juis in 'n tyd soos hierdie wat mense oop is om na die evangelie te luister.

Wanneer ons terug gaan, nadat ons die werk by die radio finaal oorgegee het, sal ons iewers moet bly waar ons op taalstudie kan fokus. Bid vir ons vir die Here se leiding, en dat ons Sy wil mag ken en doen.

**Williams, Uiteindelik!**
Na maande ('n mens kan amper se 'n jaar) se wag, het Williams sy residensiele visum gekry, en kort voor nuwe jaar op Macomia aangekom. Dankie aan almal wat hiervoor gebid het. Ons sien egter ook die Here se hand in die situasie. As hy vroeer by ons aangesluit het, sou ons al vroeer in Olumbe begin huis opsit het, en moontlik in die onrus vasgevang gewees het en/of ons huis verloor het.

**Goeie vriende**
Tydens ons reis Suid-Afrika toe het ons by vriende in Mocuba oorgeslaap - ‘n egpaar wat jare gelede, toe ons in Chiconono gewerk het, Jesus begin volg het. Wat ‘n bemoediging was dit nie om hulle ywer vir en werk in die Koninkryk te sien nie! In hulle diepste wese is hulle sendelinge, en baie word deur hulle getuienis geseën.

**Landy**
Soos met ons vorige besoek aan SA (2017) was daar heelwat werk aan die landrover nodig. Die onderstel was geroes, brandstoftenk het gelek en die vloerplate het gate deur geroes. Ons (Andries EN Sunette) het 8+ dae gewerk (soms tot middernag) om die Landy te ‘strip’, die roes te behandel en te verf, en nuwe vloerplate in te las. Ons is regtig dankbaar vir vriende en familie wat ons met groot geduld verdra en bygestaan het.

**Werfnuus**
Gedurende die maand of twee voor ons vertrek het ons in Macomia ook weer ‘n verskeidenheid besoekers gehad – mede-sendelinge met wie ons kon koukus oor die werk en omstandighede in Mosambiek, asook ander wat ons kon seën en van wie ons seën kon ontvang.

Ons sien ook uit na ons tyd in Suid-Afrika. Die plan is om einde Ferbrurie reeds oppad terug te wees.
Ons sal baie graag by julle kuier, kontak ons gerus:
**Sunette**: Sel: +27 71 109 2232 Whats App: +258 87 218 7023
**Andries**: Sel en Whats App: +27 81 891 1951.

Liefde en seen vir elkeen van julle.

# LAUDIUM Outreach Group (LOG)
## Alan Wainwright skryf

*Laudium Outreach Group Report January 2018*

The Laudium Outreach Group (LOG) has continued to reach out to the people of Laudium every Monday night. The number of the LOG members has varied from week to week depending on the availability of the members who are mainly lay people and have other responsibilities. However outreach always carries on even if one person arrives to reach out.

The needs of Laudium are great on all levels – materially, socially, and especially spiritually.
Counsellors have been coming to Laudium every Monday night to counsel those with drug and alcohol addiction. The counselling has been taking place at the home of Sunker Moodley who has been spending a lot of his time ministering to drug addicts and alcoholics.

The rest of the LOG members reach out to Hindus, Muslims and nominal Christians in the community.

**Muslim outreach**
Alan Wainwright does training in Muslim evangelism at churches, Christian organisations and Theological colleges. He also arranges Mosque visits and, at times, arranges for Christian groups to have meals with Muslims at a Mosque. The Christians and Muslims sit interspersed at the table and many interfaith discussions are had around the table. This has proven to be a fruitful ministry that has been enjoyed by all participants thus far.

At other times Islamic institutions are visited where the Gospel is shared with the Muslims who are available to talk.

Many Muslim homes have been visited by various LOG members.

**Hindu Outreach**

Hindu homes are often visited which has a different dynamic to the Muslims as they tend to agree with the LOG members more out of politeness of culture than agreement of faith. This is sometimes more difficult than those who are forthright in their opposition to our faith as it seems that the person is close to repentance and following Christ whereas he is very far from it. There's such a couple in Laudium who LOG members have been visiting for years and thought that they were coming through to faith. However the situation still hasn't changed and they continue in their old ways although are open to having Bible studies and prayer in their home.

One of the LOG members visited a Hindu couple whose 35 year old son had passed away. They're staunch Sai Baba devotees and it was always difficult to share the Gospel with them as their focus was always on Sai Baba. Sai Baba was an Indian guru who passed away a few years ago and has a big following in South Africa. After their son passed away the lady was distraught but said that she just sees red all the time and then said that she thinks it's the blood of Jesus that covers them. This was the first time that she had ever changed her focus to Jesus allowing the LOG member to share the Gospel with them more openly since then.

Johan Naude has also done deliverance with Christians who had turned to Christ from Hinduism. Renouncing Hindu gods and deliverance is essential for them to be free of the past with its spiritual attachments.

**Nominal Christians**

Besides the Hindus and Muslims there are numerous people who call themselves Christians but are far from following Jesus. Many have social and family issues that need to be dealt with. Thus LOG members also visit them as they are as much in need of salvation in Jesus Christ as the Hindus and Muslims.

### Ds Leon Tait vertel oor

# SENDING SONDER GRENSE

(www.mwb-sa.org)

*Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid. Vanjaar is die 10de jaar wat ek by Sending Sonder Grense betrokke is. Op Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, preek ek by Afrikaanse gemeentes namens SSG, doen 'n aanbieding oor SSG se werk en werf so borge vir arm kinders/families in die oud-Oosbloklande.*

*Dit bly 'n voorreg om op hierdie manier 'n verskil te maak en ook ander (veral NG) Kerklidmate die geleentheid daartoe te gee. Kinders kan nie hulself versorg nie en het volwassenes se hulp en omgee nodig.*

***Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.***

*Hier volg 'n bietjie inligting/terugvoering oor van die werk wat SSG doen (gaan besoek gerus www.mwb-sa.org vir nog verhale van hoop):*

**STREETMERCY IN BULGARIA CELEBRATES 5TH ANNIVERSARY**

**Mission Without Borders team in Sofia, Bulgaria** are celebrating the 5th anniversary of the StreetMercy project.

The project was set up in 2012, in partnership with the local church, in response to the growing issues of unemployment and therefore homelessness in Bulgaria's capital.

**In winter especially, there was a huge need when temperatures in the city plummet to -20,** leaving many people extremely vulnerable on the streets.

StreetMercy is essentially a **mobile soup kitchen** that provides warm food, clothes, shoes, blankets, **plus medical, emotional and spiritual support to the homeless six days a week.**

The service operates from two locations in the city and those who come to get food each day include: **children from Children's homes, youth** from broken families, the **unemployed** and men and women suffering from **addiction and mental and physical disabilities.**

On one day this month, **Sarkis Ovanesyan, MWB's Field Country Manager in Bulgaria,** along with representatives from the local authority and church partners, greeted the beneficiaries as they gathered to collect their food and prayed for them. Mrs Fandakova, the city's Mayor, also came and the homeless were amazed at the time she took to shake their hands and talk with them.

Sarkis Ovanesyan said**: "I would like to thank everyone who has made this project happen over the past five years, from volunteers to Missions Without Border's supporters around the world.**

**The aim of the project has always been simple - to provide and show Christian love to the most vulnerable.**

# Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

| | |
|---|---|
| Ds Corné du Plooy<br>Sending Sonder Grense<br>Koerde | Ds Leon Tait<br>082 601 4235 |
| Ds Hannes Peens (Limpopo) | Elsa van Eck<br>082 468 0722 |
| Mosambiek | Carl de Beer<br>083 443 9256 |
| Gebedsketting<br>Laudium | Alet Briers<br>012-331 1311 |

Sendinggroete in Christus, **Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)**
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615  Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.
By voorbaat dank, Sending taakspan